

# DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 14

[GEMEENTE]

DIE GEMEENTE AS LIGGAAM VAN CHRISTUS IS ABSOLUUT NOODSAAKLIK

**Vraag.** Kan 'n Christen groei en dien sonder betrokke te wees in die wêreldwye Gemeente of plaaslike gemeente?

1. Daar is net twee mense wat as hoof van 'n liggaam 'n bepaalde groep mense verteenwoordig.

**Lees** Romeine 5:17-19; 1 Korintiërs 15:21-22,45.

(1) Die twee hoofde wat alle mense op aarde verteenwoordig.

Adam is die hoof van die liggaam wat alle verlore mense op aarde verteenwoordig (die verlore mensheid). Christus is die Hoof van die Liggaam wat alle verlore mense verteenwoordig (die Gemeente). Adam is die hoof van die menslike geslag in die wêreld en Christus is die Hoof van die wêreldwye Gemeente/Kerk en ook die Hoof van elke plaaslike gemeente in die wêreld. Hierdie gemeenskap van Christene in die wêreld word in die Bybel "die Liggaam van Christus" genoem (Efesiërs 1:22) of "die één algemene christelike Kerk" in die Apostoliese Geloofsbelydens.

Die eerste Adam. Handeling 17:26, "Uit een mens (bloed)(bedoeling: Adam) het Hy al die nasies gemaak." Die eerste mens verteenwoordig as hoof die hele menslike geslag wat bestaan uit die natuurlike gevalle mense in die wêreld en ook dwarsdeur die menslike geskiedenis heen.

Die tweede Adam. Jesus Christus verteenwoordig as Hoof die nuwe mensheid wat bestaan uit alle mense wat gedurende die Ou-Testamentiese periode in die komende Messias geglo het en alle mense wat gedurende die Nuwe-Testamentiese periode in Jesus Christus glo wat al gekom het. Die doel waarvoor Jesus Christus na die aarde gekom het was om die verlore mensheid weer terug te bring na omgang met die één en enige God van die Bybel (1 Petrus 3:18)!

(2) Die liggaam deel die lewe van die hoof.

Alle mense wat verbonde is aan die eerste Adam. Die hele menslike geslag het in die sondeval van die eerste Adam gedeel. Alle mense wat verbonde is aan die eerste Adam deur geboorte, deel sy sondeval (Job 14:4; Psalm 51:5), sy dood (Romeine 5:12,17) en sy verdoemenis (Romeine 5:18).

Alle mense wat verbonde is aan die tweede Adam. Die hele Gemeente deel die geregtigheid (verlossing) wat Jesus Christus verwerf het. Alle mense wat verbonde is aan die tweede Adam deur geloof, is verlos van Gods toorn is met God versoen (Romeine 5:9-10). Alle mense wat verbonde is aan die tweede Adam deur geestelike wedergeboorte, deel sy geregtigheid, sy nuwe lewe (Romeine 5:14-19; 1 Korintiërs 15:22) en sy ewige lewe (Johannes 3:16). "Jesus Christus het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak (geregtigheid), die heiliging en die verlossing" (1 Korintiërs 1:30).

2. Daar is net twee gemeenskappe in die wêreld.

Daar is net twee gemeenskappe van mense in die wêreld. Elk mens behoort tot één van hierdie twee gemeenskappe "Die saailand is die wêreld" (Matteus 13:38).

(1) Die gemeenskap van ongelowiges word "die wêreld" genoem.

"Die (sondige) wêreld" (1 Johannes 2:15-17) word ook wel "die mag van die duisternis" genoem (Kolossense 1:13; 1 Johannes 5:19b). "Die onkruid is die aanhangers van die Bose" en "die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel" (Matteus 13:38-39).

(2) Die gemeenskap van gelowiges in Jesus Christus word "die Gemeente (Kerk)" genoem.

"Die (wêreldwye) Gemeente (Kerk)" (Matteus 16:18) word "die Liggaam van Christus" (Efesiërs 5:23) of "die koninkryk van God" (Markus 10:25-26) in die Nuwe Testament genoem. Die Gemeente is "nie VAN die wêreld" nie, maar is nog "wel IN die wêreld" (Johannes 17:14-16). Die Gemeente is in die wêreld "die lig wat in die duisternis skyn" en "die sout" wat die aarde reinig, teen verrotting beskerm en smaak gee (Matteus 5:14-16). "Die goeie saad is die mense van die koninkryk". "Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens" (Matteus 13:37-38).

3. Sekerheid van verlossing word in die Liggaam van Christus ervaar.

(1) Verlossing is alleen moontlik in Jesus Christus.

Jesus sê, "Ek is die Weg ... Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie" (Johannes 14:6). "Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Handeling 4:12). "Daarom "is iemand wat aan Christus behoort 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Korintiërs 5:17)! "En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie" (1 Johannes 5:11-12).

(2) Sekerheid van verlossing word ervaar in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

“In Christus wees” het 'n geestelike en 'n praktiese betekenis.

- *Geestelik* beteken “in Christus wees” enersyds die posisie of staat/toestand van geregtigheid en heiligheid (1 Korintiërs 1:30) wat Jesus Christus aan die gelowige mens toereken en andersyds die proses van heiligmaking of die lewensstyl wat die Gees van Jesus Christus (die Heilige Gees) in die gelowige bewerk. Die Heilige Gees hou aan om hierdie geregtigheid en heiligheid in die persoonlike lewe van die gelowige toe te pas (Romeine 8:5-17; 2 Korintiërs 3:17-18).
- *Prakties* beteken “in Christus wees” dat die gelowige verbonde is met die wêreldwye Gemeenskap van gelowiges of die wêreldwye Gemeente (Kerk) van Christus. Die Heilige Gees is aanwesig in die liggaam van die gelowige (1 Korintiërs 3:16-17; 1 Korintiërs 6:19-20) en ook in die Liggaam van Christus, wat die Gemeente is (Efesiërs 2:19-22)! Die Heilige Gees verteenwoordig “die teenwoordigheid van Jesus Christus” in altwee!

(3) Sekerheid van verlossing word ervaar deur te funksioneer in die Liggaam van Christus.

Wanneer 'n mens gered is uit die mag van die duisternis en oorgeplaas is onder die heerskappy (koninkryk, koningskap) van Christus (Kolossense 1:13), dan is sy aanwesigheid in die koninkryk van Christus en sy funksionering in die koninkryk van Christus die basis van sy sekerheid van verlossing. Wanneer 'n mens deur één Gees in die Liggaam van Christus gedoop is (1 Korintiërs 12:12-13), is hy 'n deel van daardie Liggaam en is sy funksionering in daardie Liggaam die basis van sy sekerheid dat hy deel in die lewe van die Heilige Gees.

Die Christen ervaar sekerheid van verlossing nie alleen omdat hy meen dat hy 'n persoonlike verhouding met Christus het nie, maar omdat hy in die Liggaam van Christus funksioneer. “As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer (in die Gemeente), is hy nog steeds in die duisternis. Wie sy broer (in die Gemeente) liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie” (1 Johannes 2:9-10). Dis onmoontlik om die verhouding van 'n Christen met Christus los te maak van sy verhouding met ander Christene! Dis onmoontlik om die Liggaam van Christus (die wêreldwye Gemeente/Kerk) van die Hoof (Jesus Christus) los te maak. Net so is dit onmoontlik om sekerheid van verlossing te ervaar los van Christene in jou eie gemeente of van Christene in die wêreldwye gemeente lief te hê.

Christus saam met sy Liggaam (die Gemeente/Kerk) is die volmaakte gawe van Jesus Christus aan Christene, waardeur hulle nie alleen deel het aan die geregtigheid (verlossing) en heiligheid van Christus nie, maar ook sekerheid van verlossing mag ervaar.

#### 4. Aansluit by Jesus Christus is tegelyk aansluit by die Liggaam van Christus.

Die uitdrukking “'n nuwe mens” word 'n paar maal in die Bybel herhaal.

(1) “Die nuwe mens” verwys na Jesus Christus, die Christen en die Christelike Gemeente.

Die konteks bepaal die betekenis.

Die nuwe mens verwys na Jesus Christus (1 Korintiërs 15:47). “Die eerste mens is uit die aarde en is stoflik; die tweede mens is uit die hemel” (1 Korintiërs 15:47). Die eerste mens was Adam en uit die stof (d.w.s. die elemente van die aarde) voortgekom. Die tweede mens is Christus en het uit die hemel (d.w.s. die ongeskape woonplek van God) voortgekom.

Die nuwe mens verwys na die Christen (Romeine 6:2-7; Efesiërs 4:20-24). “Die ou mens” verwys na die *nog steeds onwedergebore natuur van die ongelowige mens*. Dit is die natuurlike mens wat vrywillig gekies het om 'n slaaf van sy sondige menslike natuur te wees (Romeine 6:16) en volkome beheers word deur sy sondige natuur (Romeine 8:6-8).

“Die nuwe mens” verwys na die *wedergebore* natuur van die Christen. Deur geloof in Christus en sy volbragte verlossingswerk word die ou onwedergebore natuur eens en vir altyd uitgetrek en word die nuwe wedergebore natuur eens en vir altyd aangetrek (letterlik: uittrek en aantrek, Efesiërs 4:22,24)! Die ou mens en die nuwe mens kan nie gelyktydig bestaan nie!

Die uittrek en aantrek (Efesiërs 4:22,24)<sup>1</sup> is hier nie 'n voortdurende proses nie, maar 'n *eenmalige en beslissende* breuk met die ou onwedergebore natuur en die ou sondige wêreld en 'n *eenmalige en beslissende* aansluiting by die heilige Gemeenskap (die Gemeente). Dit beteken dieselfde as “verlos word uit die mag van die duisternis en oorgeplaas word onder die heerskappy (koningskap en koninkryk) van Christus” (Kolossense 1:13). Let wel dat Efesiërs 4:1-16 en Kolossense 3:15 praat oor die een Liggaam van Christus, terwyl Kolossense 3:5-11 praat oor die Joodse en nie-Joodse lede van daardie Liggaam.

Die nuwe mens verwys na die Christelike Gemeente (Efesiërs 2:15-16). Jesus Christus het die gelowiges geneem uit die twee gemeenskappe van Jode en nie-Jode wat altwee uit Adam voortgekom het, en Hy het hulle tot één nuwe mens geskep (NV: mensheid verenig). Die nuwe mens verwys na “die één Liggaam van Christus” of na “die één algemene Christelike Kerk” wat bestaan uit alle gelowiges in Christus in die wêreld en gedurende die hele menslike geskiedenis. In hierdie Liggaam van Christus versoen God Joodse Christene en nie-Joodse Christene met God en ook met mekaar. Dit beteken dat “die nuwe mens” veel meer is as 'n enkel Christen wat in Christus geregverdig en geheilig

<sup>1</sup> Die werkwoorde staan in de aoristus tyd wat dui op 'n gebeurtenis wat eens en vir altyd plaasvind het.

is. “Die nuwe mens” is die één gemeenskap (die één wêreldwye Gemeente) wat in Christus geregtig en geheilig is, (Efesiërs 2:15-16; vgl. Johannes 10:16). Die nuwe mens is die Liggaam van Christus waartoe die Heilige Gees gelowiges gedoop en dus ingelyf het (1 Korintiërs 12:12-13).

Buite die grense van hierdie nuwe mens (die Liggaam van Christus of die wêreldwye Kerk), bestaan alleen die ou mens of die ou mensheid met sy onenigheid en ontwrigting. Die individuele Christen kan geen deel van die Hoof, Jesus Christus, wees nie behalwe as hy ook deel is van die Liggaam van Christus, die wêreldwye Christelike Gemeente.

(2) 'n Mens word alleen 'n nuwe mens in samehang met Jesus Christus en die Christelike Gemeente/Kerk.

“In Christus is die volle wese van God beliggaam” (Kolossense 2:9) en “die volheid van Jesus Christus woon in die Liggaam van Christus” (Efesiërs 1:22-23)! Dus, alleen wanneer individuele gelowiges in die Hoof, Jesus Christus, is, is hulle ook in die Liggaam van Christus, die Christelike Gemeente, en word hulle ook heeltemal vervul met die volheid van God” (Efesiërs 3:19; vgl. 1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 3:18; Filippense 3:7-21; 2 Petrus 1:4; 1 Johannes 3:1-3).

Gevolgtrekking.

Die nuwe mens is dus sowel Christus, die Liggaam van Christus (die Gemeente) en die wedergebore Christen. 'n Mens kan 'n Christen nie losmaak van Christus nie, maar ook nie losmaak van die Liggaam van Christus nie. Ons kan nie die saak so voorstel asof Christus alleen in die hemel is en die Liggaam van Christus, die Gemeente, alleen maar 'n menslike organisasie op die aarde is nie. Die Gemeente/Kerk moet is nie alleen 'n menslike organisasie op die aarde nie, maar ook 'n organisme wat onlosmaaklik verbonde is aan Christus in die hemel (en dus, netsoos Christus, alomteenwoordig is Matteus 28:20)! “Die Hemelse Jerusalem (letterlik: die Jerusalem wat daarbo is) is die moeder van alle Christene”<sup>2</sup> (Galasiërs 4:26) wat al gestorwe en in die hemel is, en van alle Christene wat hoewel hulle nog op die aarde lewe, al in die hemel geregistreer staan (Hebreeërs 12:23). Dit is onmoontlik om alleen maar 'n persoonlike verhouding met Christus te hê en tegelyk te weier om aan die Liggaam van Christus (die wêreldwye Gemeente) te behoort! “In Christus wees” beteken altyd ook “in die Liggaam van Christus wees”. Dit is onjuis om te dink dat 'n Christen alleen op 'n eiland Christen kan wees en weier om nie aan die gemeente deel te neem nie. Onthou die woorde: “Wie sy broer (in die Gemeente) haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het” (1 Johannes 2:11).

##### 5. Aansluit by die Liggaam van Christus beteken nie om nog langer vir jouself te lewe nie.

(1) Lede van die Liggaam van Christus is onlosmaaklik aan die Liggaam verbonde.

“Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie.net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar” (Romeine 12:4-5). Wanneer mense Christene word, word hulle deur die Heilige Gees gedoop (wedergebore) en so ingelyf in die Liggaam van Christus (die Gemeente) (1 Korintiërs 12:12-13).

Dus elke mens in die wêreld is of “nog steeds in die wêreld en buite die Gemeente”, of “in Christus en in die Gemeente”! Elke mens is of “nog steeds onder de mag van die duisternis” of “in die Koninkryk en onder die heerskappy (koningskap) van Christus (Kolossense 1:13). Elke mens is of “nog 'n verlore seun of dogter wat hul lewe in die wêreld verwoes” of 'n seun of dogter wat gevind is en lid van die Gemeente geword het”. Elke mens is of “nog geestelik dood” of “al geestelik lewend gemaak” (Efesiërs 2:5; Lukas 15:11-24).

(2) Lede van die Liggaam van Christus kan nie buite die Liggaam van Christus funksioneer nie.

Die wêreldwye Gemeente bestaan uit baie Christene en baie christelike gemeentes wat onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Daar is maar één Liggaam van Christus, maar baie verskillende Christene as lede van daardie Liggaam. 'n Individueel kan nie sy individualiteit verbystek nie. 'n Individueel Christen wat as “'n hand” funksioneer, kan nie die plek inneem van 'n ander individuele Christen wat as “'n oog” funksioneer nie. Die menslike hand en menslike oog kan alleen wees wat hulle is en doen wat hulle moet doen solank as hulle in die menslike liggaam bly funksioneer. Op dieselfde manier kan Christene wat as 'n hand of as 'n oog funksioneer, alleen wees wat hulle is en doen wat hulle moet doen solank as hulle in die Liggaam van Christus bly funksioneer. Buite die Liggaam van Christus kan 'n Christen nie lewe nie en ook nie funksioneer nie. Dink maar aan 'n menslike hand wat deur die lug aangewaaie kom of 'n menslike oog wat sonder 'n menslike liggaam die kamer inrol!

'n Individueel Christen wat hom van die Gemeente/Kerk afskei, kan nie as 'n Christen lewe nie! Die christelike lewe beteken altyd verbonde te wees aan Jesus Christus en dus ook verbonde te wees aan die Liggaam van Christus. Dit beteken dat die Christen nooit meer onafhanklik en alleen vir homself lewe nie, maar dat Jesus Christus deur die Heilige Gees sy lewe in en deur die Christen lewe (Galasiërs 2:20; Romeine 8:10; 2 Korintiërs 13:5). Jesus Christus leef sy lewe in en deur 'n Christen alleen in verbondenheid met andere Christene in die wêreldwye Gemeente en plaaslike gemeente.

Jesus Christus leef sy lewe in en deur 'n Christen (Galasiërs 2:20), in en deur die christelike huwelik (Efesiërs 5:25-30), in en deur die christelike familie, in en deur die Christen op sy werkplek (Efesiërs 6:5-9), en in en deur die plaaslike gemeente en de wêreldwye Gemeente. Christene word aangespoor “om voortdurend met de Gees vervul te

<sup>2</sup> 'n Bepaalde kerkgenootskap (bv. die Rooms Katolieke Kerk) is NIE “die moeder” van alle Christene NIE!

wees” (Efesiërs 5:18) en “alles wat hy doen te doen in afhanklikheid van Christus (Kolossense 3:17) en dit ook “van harte te doen soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kolossense 3:23).